Daar is ‘n Joodse legende oor die rede waarom Abraham in hierdie situasie beland het. Die legende word op die patroon van die verhaal van Job vertel.
Op ’n dag toe Satan ná ’n inspeksietoer van die aarde met God aan die gesels raak, sê Satan dat hy ’n vinnige verrassingsbesoekie aan Abraham gebring het.
“Toevallig was dit juis Isak se verjaardag en yslike feesvierings was aan die gang. Dit was ‘n groot vrolikheid, ’n yslike maaltyd, almal was uitgenooi. Maar, vertel Satan, hy het ook slegte nuus vir God. Dis nou nie dat hy wil stories aandra nie, maar sy indruk is dat Abraham besig is om die Here te vergeet. Die hele dag, sê Satan, is daar nie ’n enkele offer vir die Here gebring nie – nie eens ’n ou lammetjie nie. Dis nou net Isak voor en Isak agter; Isak is al wat nog vir Abraham saak maak.
Maar, so lui die storie verder, die Here was nie oortuig nie. Hy het vir Satan bly sê dat hy ’n fout maak, dat dit nie kan wees nie, dat dit veral van Abraham nie waar kan wees nie. Abraham het Hom lief, het die Here gesê, so lief dat hy vir Hom enigiets sal gee indien Hy daarvoor sou vra. Kom ons toets dan vir Abraham, het Satan vinnig gereageer. Kom ons kyk of hy bereid is om enigiets te gee wat U vra. Wat van Isak, vra hom om Isak aan U te gaan offer! Dan sal ons weet; dan sal ons mos kan sien of hy regtig alles, ook sy kind, in u hande sal plaas. Hierop volg dan, volgens die legende, die gebeure waarvan ons lees in Genesis 22. (Coenie Burger).

**Skriflesing:** Genesis 22:1-19
**Tema:** Om God bo alles te stel.

Abraham en Sarai is getroud toe hy 50 jaar oud was en sy 40 jaar oud. Ons lees in Genesis 12, toe hy 75 jaar oud was, kry hulle opdrag van Here om te trek na ‘n onbekende land Hy aan hulle belowe. In geloof laat hulle die bekende agter en hulle trek. Die Here het ook aan hulle ‘n seun belowe uit wie die verbondsvolk sou voortkom.
Nog 25 jaar later, toe hulle 50 jaar getroud is, is Isak, hulle eersteling gebore. Uit hom sal hul nageslag kom.
In die tyd van Genesis 22 gee God aan Abraham die opdrag om hierdie enigste seun, wat hy baie liefhet, te gaan offer. God wil seker maak of Abraham die Here dien of dien hy die Here vir die voordele wat daaruit spruit? Vertrou Abraham in 100% geloofsgehoorsaamheid op Hom en op Hom alleen?

Voor ons kyk na Abraham se keuse, kom ons staan net vir ‘n oomblik stil by ‘n ander groter keuse. God se keuse vir ons.
Anders as Abraham bring God nie ‘n geloof- of gehoorsaamheidsoffer nie. Hy bring ‘n versoeningsoffer. As gevolg van ons sonde sou ons ‘n ewige dood sterf en geen mens kon enige iets daaraan doen nie. Toe voorsien God ‘n offerlam. Van Hom sê Johannes in Joh 1:29: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”
God se offerlam het in ons plek gesterf, sodat ons kan leef.

God kies vir elkeen v ons, wat is jou keuse?

Abraham kies vir God bo alles. Hy vat sy seun, sy enigste seun, Isak vir wie hy liefhet en hy offer hom in absolute geloofsgehoorsaamheid aan God.
Ons lees in Hebreërs 11:17-19 in die Boodskap vertaling: “God wou kyk of Abraham regtig in Hom glo. Daarom het Hy gesê dat Abraham Isak moes gaan doodmaak. Abraham het na God geluister, omdat hy God vertrou het. God het immers vir hom beloof dat hy ’n nageslag sou hê en gesê: “Isak is die een deur wie Ek vir jou ’n groot nageslag sal gee.”
Nou moes hy daardie seun gaan doodmaak. Dit het nie vir Abraham logies geklink nie, maar hy het God vertrou. Hy het geredeneer dat God Isak weer lewendig sou maak, want Hy kan dit doen.”

Abraham slaag die gehoorsaamheidstoets met vlieënde vaandels. Daarom sê God vir Abraham in Genesis 22:12: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie."
En 'n engel van die Here spreek die seën van die Here oor Abraham uit.

Vir wie kies jy?
Is God nommer 1 in jou lewe? Waarom dien jy die Here? Gaan dit oor Hom of die voordele wat dit vir jou inhou. Is jy 'n DDT lidmaat wat net by die erediens opdaag vir doop, dood of troues? Of dien jy dalk net die Here om eendag hemel toe te gaan?

Jesus sê in Lukas 14:26-27: "[26]"As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders, en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. [27]Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aankom nie, kan nie my dissipel wees nie."

Die Here sê vanoggend: "Gee jou goed, jou huissleutel, karsleutel en beursie. Gee my jou man of vrou en kinders. Dit is wonderlik dat hulle vir jou belangrik is, maar ek wil net seker maak dat ek nommer 1 in jou lewe is. Leef jy in 100% geloofgehoorsaamheid aan My?
Die Here kom nog nader aan ons eie lyf en Hy vra vir ons in woorde van Romeine 12:1: "Gee vir my jouself as lewende en heilige offer wat vir My aanneemlik is."

God stel deur sy Seun, Jesus Christus, vir jou bo alles.
Stel jy, in geloofsgehoorsaamheid, vir God bo alles – bo jou hartsmense, besittings, tyd en bo jouself?
Amen

Daar is nou geleentheid vir elkeen om sy/haar keuse opnuut te maak en die volgende gebed te doen:

**GEBED van LEWENSOORGAWE**
Ek …………………. (my naam) gee uit dankbaarheid vandag opnuut ……….…………….... aan die Here oor.
Ek doen dit omdat Hy my eerste liefgehad het en ek Hom ook liefhet bo alles.